




# Nuusbrief / Newsletter

## APRIL 2022

[www.pmfsa.co.za](http://www.pmfsa.co.za)

*This e-newsletter is compiled from sources that are deemed to be reliable.*

*However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.*



Sponsored by  **FARMRanger®**

## Afskrikmiddels as voorkomende beheermetode

PMSA stel hom ten doel om verbruikers in te lig dat produsente van lewende hawe predasie op h̄ verantwoordelike, wetenskaplike en volhoubare wyse benader. Binne die volgende paar maande gaan h̄ reeks toegewy word aan voorkomende en remediërende bestuursmaatreëls.

Verlede maand is mikrokampstelsels en krale uitgelig, en hierdie maand word daar op afskrikmiddels gefokus waar klankafwering met groot sukses gebruik kan word.

### **KLANKAFWERING**

Gebruik klanktoerusting wat die geluide van menslike aktiwiteite deur die nag uitsaai, veral in kampe en krale, asook ultrasoniese klanke, om die roofdier se gehoor te irriteer. Die klank van mensestemme, musiek of selfs plaasgeluide skep groot onsekerheid by roofdiere wat ten alle koste konfrontasie met mense sal probeer vermy.



- Dit werk veral goed om jakkalse, rooikatte en bruin hiēnas weg te hou, maar is minder suksesvol met luiperds en gevlekte hiēnas.



- Verander die klank elke aand en wissel die ligging van die toestel gereeld af.
- Radio – rig h̄ toestel op en stel dit om sekere tye in die nag op h̄ radiostasie aan te gaan, afgewissel met h̄ lig en ander geluide.

Ultrasoniese klanke affekteer die roofdier se gehoor en klaarblyklik is dit só steurend dat dit roofdiere weghou uit die areas waar die klank uitgesaai word.



Die moontlikheid bestaan dat ultrasoniese klank h̄ negatiewe uitwerking op ander organismes soos uile en vlermuise kan hê.

### **MODERNE SKAAPWAGTER**

Die Skaapwagter werk op die sensitiewe sintuie deur roofdiere met klank en reuk van vee weg te hou. Taamlik baie eenhede word benodig, maar indien net twee eenhede gebruik word, kan daar op die lamtrop gefokus word.

Die Skaapwagter genereer elke minuut h̄ ultrahoë-frekvensieklank wat skaars hoorbaar is vir mense en skape, maar geweldig irriterend vir roofdiere. Indien roofdiere te naby aan die 1 km-reikwydte van die Skaapwagter kom, veroorsaak dit ongemak en selfs pyn.

## **Ekosisteem dienste en holistiese veldbestuur**

Produsente vra dikwels vir Jaco van Deventer, CapeNature se biodiversiteitbewaringspesialis, waarom hulle bewaringsboerdery of bewaring in die algemeen op hul eiendomme moet toepas aangesien hulle primêre aktiwiteit landbou of landbouproduksie is.

In hierdie reeks van drie artikels word boere aangemoedig om holistiese boerderybestuur toe te pas wat al die fasette van ekologie op landbougrond insluit. Jaco is van mening dat die landbousektor totaal afhanklik is van die natuur en die ekosisteem dienste wat die natuurlike omgewing bied, om ekonomies te kan oorleef. Enige vorm van versteuring van die natuurlike balans het gewoonlik een of ander negatiewe reaksie met onvermydelike finansiële gevolge.

### **Grondbestuur en plantegroei**

Produsente is jaarliks afhanklik van goeie reënval. Swak grondbestuur en 'n tekort aan gesonde bedekking van plantegroei verhoed grond om water te absorbeer. Dit gaan gepaard met gronderosie wat die wegspoel van vrugbare bogrond tot gevolg het. Sonder insekte soos bye, sekere vlieë, knaagdiere en voëls wat plantegroei bestuif tydens die blomfase, kan vrugbare saad nie geproduseer en vermeerder word nie. Ons is afhanklik van insekte soos miere en knaagdiere om die saad te versamel, in die grond te stoor en voor te berei vir ontkieming.



>>>

'n Gesonde grond-ekosisteem word gekenmerk deur goeie plantegroeibedekking, wat die grond afkoel, verseker dat grond langer klam bly en reënwater die grond beter kan penetreer. Dit voed ook die grondwatertafel sonder om erosie te veroorsaak. Plante verwyder ook koolstof uit die atmosfeer en stoor dit.

Oorbeweiding van plantegroei moet verhoed en bestuur word. Plante wat blootgestel word aan langdurige periodes van swaar beweiding kan later nie meer doeltreffend funksioneer nie en vrek uiteindelik. Vreetbare plantspesies kan totaal verdwyn indien veld nie die geleentheid gegun word om te rus en sodoende voldoende lewenskragtige saad te produseer nie.

Dit is van kardinale belang dat gedeeltes van die veld rus tydens blom- en saadvorming. Goeie saadvorming en verspreiding sal verseker dat daar gereelde ontkieming en hergroei plaasvind ná goeie reën, veral van vreetbare spesies. Struike en bome wat vruggies of saad produseer, moet ook toegelaat word om te rus.

Grasveld wat gerus het lok knaagdiere, wat weer dien as prooi vir roofdiere en roofvoëls. Veldvrugte wat die geleentheid gegun word om aan die plante ryp te word, dien as voedselbron vir jakkalse, voëls en kleiner soogdiere. Hulle is verantwoordelik vir die verspreiding van die saad en hulle spysverteringsstelsel berei die saad voor vir ontkieming. Saad en veldvrugte word dikwels deur vee gevreet voordat dit kan ontwikkel en die saad gaan verlore, aangesien dit nog nie lewenskragtig is nie.

Beskerm en bestuur dooie plantmateriaal en bome (brandhout) noukeurig en volhoubaar. Plantegroei en bome wat doodgaan en op die grond lê, skep 'n mikrohabitat wat sade vasvang en beskerming bied tydens ontkieming. Daar bestaan 'n hele ekologiese stelsel in en om hierdie dooie plantmateriaal. Insekte en swamme breek hierdie dooie materiaal en vesel af en vorm kompos, wat weer die grond bemes, voorberei en voed vir nuwe saailinge.



# TOPHOK



Bees lek wiel

**Rooikat- en luiperdhokke wat werk  
Vervaardigers van alle vanghokke**

---

**Geleë naby Bloemhof in Noord-Wes  
en ons koerier landwyd**

---

**Kontak:**  
**083 320 2083**  
**[www.tophok.co.za](http://www.tophok.co.za)**  
**[antoon.roets@gmail.com](mailto:antoon.roets@gmail.com)**

**“Noem dit en ons vang dit!”**

## Wie is PMSA en waarmee is hulle besig ?



NWKV hoofbestuurder Leon de Beer, poog om deur middel van Afrikaanse en Engelse voorleggings, die werking van die PMSA in h neutedop oor te dra. Hy brei uit oor wie die PMSA is, hoe die lidmaatskapkomponent daarna uitsien, strategiese doelwitte en aktiwiteite, funksionering en suksesse van monitorplase en ander projekte. Hierdie is h redelike groot lêer wat afgelaai moet word en gebruikers word daarop attent gemaak om die videobrokkie regs onder elke bladsy te kliek om na die volledige uiteensetting van inligting te luister.

<https://www.pmfsa.co.za/home/template/item/366-wie-is-pmsa-en-waarmee-is-hulle-besig>



## Niël Viljoen website – fantastic practical tool

The ancient conflict between predators and livestock farmers is still a threat for both sides, even in the 21st century. Predator expert Niël Viljoen has created a website in cooperation with the NWGA where visitors can look at research, training, and advice to resolve this conflict. Visit [www.nielviljoen.co.za](http://www.nielviljoen.co.za).

The website is designed to prevent unwanted visitors from posting negative comments. It prompts all visitors to register to gain access to the information and advice.

At the scene of destruction, farmers can immediately identify predators by track and bite marks as well as a short questionnaire. Photos can also be uploaded and posted and shared on the site, thereby giving access to what is happening in a specific district.

The website gives comprehensive guidelines that help farmers to choose lambing areas, lambing times as well as management strategies for the erection of fences.

Predator course schedules can also be booked through the website. A jackal calendar that seasonally divides the behaviour patterns of a jackal into 12 months can assist farmers in their containment strategy.



# National museum publication focus on predation



*Indago*, the journal of the National Museum, produced a special predation issue that is available from the National Museum's library or the electronic version can be accessed through this link <https://nationalmuseumpublications.co.za/wp-content/uploads/2022/03/INDAGO-37-Web-size.pdf>



This predation volume of the journal comprises seven papers that are dedicated to investigating conflicts between farmers and two of the most common predators in South Africa, the black-backed jackal, and the caracal. In this newsletter, the first paper is discussed.

“Challenges in predation management – South African historical milestones” deals with the history of predation management in South Africa over the past 35 years and highlights major advances, such as the following:

- The establishment of the National Problem Animal Policy Committee (NPAPC) in 1987 to strategise predation management.
- The founding of the Problem Animal Control Forum in 1993.
- The convening of the National Forum for Damage-causing Animals in 2005 to continue the activities that were initiated by the NPAPC. Progress was slowed down significantly because of political changes in South Africa since 1994.
- The Ganzekraal Workshop in 2006, which accelerated the momentum.
- The promotion of lessons learnt about coordinated predation management from the Federal Wildlife Services in the USA in 2010.
- The launching of the Scientific Assessment on Livestock Predation and its management in South Africa (PredSA).
- Predation Management South Africa (PMSA) – a legal entity focusing on training, legislation, and communication, having evolved from the PMF in 2019.

The paper makes it clear that, despite such major advances, predation management remains fragmented and uncoordinated. Several initiatives have come and gone, and despite predation management strategies being developed over decades, few had been implemented, often because of financial limitations.

Next month, the newsletter will explore the second paper, “The contribution of historical hunt club records to inform the management of damage-causing animals in South Africa”. This scrutinises historic management efforts by farmers, managers and conservation officials that can be included as lessons in future management programmes.

For further detail, contact the Predation Management Centre (PMC) at the University of the Free State at (+27) 51 401 2210 or [PredationMC@ufs.ac.za](mailto:PredationMC@ufs.ac.za), or visit the website <https://www.ufs.ac.za/PMC>.



## Deel u bestuurs- praktyk met ons!

Daar is menige boere wat predatore doeltreffend bestuur en daarom wil ons graag sulke suksesstories aanhoor en deel met medeboere. U geslaagde bestuurspraktyk sal in die maandelikse PMF- nuusbrief verskyn en ook op die webtuiste geplaas word.  
Skakel Bonita Francis by (041) 365 5030 of per e-pos by [nwga@nwga.co.za](mailto:nwga@nwga.co.za).



## STOCK THEFT ? PREDATORS ?



Get alarm calls when **DANGER** is detected



Live **GPS** tracking in app during an alarm



Just **ONE** collar covers a flock of 450 sheep

Tel : 028 212 3346



**FARM Ranger**  
LIVESTOCK SECURITY COLLARS

SHEEP. CATTLE. GOATS. HORSES.